*Woensdag* **15 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 6:13-20**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 6:18, 19**

**Hou vas aan die hoop wat jou anker is**

In ’n moeilike wêreld, waarin ons heen en weer rondgeslinger word deur die golwe van onsekerheid, het ons sekerheid en troos nodig. God gee dit vir ons. Hy gee vir ons ’n anker wat deur ons Here Jesus vasgemaak is.

Ons het Abraham as voorbeeld van iemand wat in geloof volhard het. Hy het geduldig gewag en die belofte verkry – al het hy maar net die begin van die vervulling van hierdie belofte gesien. Waarom kon hy volhard? Omdat God getrou is. Omdat God se beloftes vas staan.

God beklemtoon dit deur ’n eed by sy belofte te sweer. God wat altyd die waarheid praat, God wat nooit jok nie, bevestig sy belofte met ’n eed, ter wille van ons! Hy weet ons sukkel soms om te glo wat Hy sê. Hy kom ons swakheid tegemoet en bevestig met ’n eed dat dit wat Hy sê, sal gebeur. Op hierdie manier gee Hy vir die ware nageslag van Abraham, ons wat deel is van die verbond en glo, ware hoop en troos. Hoop en troos omdat ons Here Jesus as ons Hoëpriester die prys vir ons sonde betaal het en nou daagliks vir ons by God intree.

Hy is ons Voorloper. Hy het die pad na God toe oopgemaak. Die feit dat Hy nou by die Vader is, gee vir gelowiges die waarborg dat ons ook ewig daar gaan wees.

Jou anker is stewig vas by God. Jy het hoop in Jesus Christus. Hou vas aan hierdie hoop – omdat die Here jou vashou. Moenie hieraan twyfel nie – God het sy belofte hieroor met ’n eed bevestig. Hy doen altyd wat Hy sê.

*Sing: Psalm 33-1:5, 6*
*Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)*